RAADSBELEID

ONDERWERP : HUIS-TOT-HUIS KOLLEKTES

VERWYSING : 17.10.1.2.3

BESLUIT NR : 24.3/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om toestemming te verleen aan organisasies/ persone wat huis-tot-huis kollektes binne die regsgebied van die Raad wil doen en om die wat daarvoor kwalifiseer, toe te laat om dit te doen.

BELEIDSFILOSOFIE & BEGINSELS

Om persone wat huis-tot-huis kollektes wil onderneem en ingevolge die Wet op Fondsinsamelings, 1978 (Wet 107 van 1978) nie oor ‘n fondsinsamelingsnommer hoef te beskik nie, toe te laat om dit te doen.

RIGLYNE

Dat toestemming om huis-tot-huis kollektes te onderneem slegs toegestaan word aan kerke en instansies wat volgens die Wet op Fondsinsamelings nie oor 'n insamelingsnommer hoef te beskik nie, indien sodanige kerk of instansie binne die bedieningsgebied van //Khara Hais gevestig is.

PROSEDURE

1. Persone/organisasies wat huis-tot-huis kollektes binne die regsgebied van die Raad wil onderneem en wat ingevolge die Wet vrygestel is, moet by die Subdirektoraat Administrasie om magtiging aansoek doen. Die Administratiewe Beampte Graad II is die amptenaar by wie aansoek gedoen moet word.

2. Bewys dat die organisasie vir wie gekollekteer word ‘n plaaslike organisasie is, sowél as ‘n magtigingsbrief van sodanige organisasie, moet die aansoek op die voorgeskrewe vorm vergesel.

3. Indien die aansoek aan al die nodige vereistes voldoen sal ‘n magtigingsvorm uitgereik word.

ROLLE

Die Administratiewe Beampte Graad II in die Subdirektoraat Administrasie, is vir die uitreiking van die voorgeskrewe magtiging verantwoordelik.

VERWANTE BELEID

Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.